Waterkruik

JAARGANG 65 **NO 47** **22 November 2026**

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VANDAG

Ds. Jan-Louis Lee lei vandag beide eredienste.

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonie
By die deure: Kerkkas

DIENSBEURTE

Sondag 22 November
Oggend: Wyke 19 & 20
Wim Coetzer
Péter Wassenaar
Diakens: Otto de Vries
Theuns van Wyk
Louw Lemmer
Deon van der Merwe

Aand: Wyke 17 & 18
Jan Trollip
Jan-Harm van Jaarsveld
Diakens: Braam Smith
Leon Haasbroek



TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 13 & 16 o.l.v. *Vanessa Vermaak en Nicola Hoffman* nooi julle hartlik uit om te kom skink, drink en kuier oor 'n koppie koffie.

KATKISASIE

Die katkisasie sluit Sondag tot 17 Januarie 2027.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in Konsistorie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

" *Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!* "
Psalm 84:13

Vandag

Herman Bonnet	071 871 2288
Klarissa Engelbrecht	079 876 6451
Tharien Minnaar	078 793 1157
Philippa Stronkhorst (11)	083 675 3198

Maandag 23 November

René Jansen v Rensburg	072 262 5050
Jano Smith	074 646 1123
Jolani van Heerden	071 441 1637

Dinsdag 24 November

Jan-Jurgens v d Walt	083 304 7108

Woensdag 25 November

Kaylin Keyser (11)	083 450 1975
Anika le Roux	082 901 6167

Donderdag 26 November

Carene van der Merwe	082 773 7829

Vrydag 27 November

Julius du Preez	076 322 8701
Edward Engelbrecht	084 205 8938

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang :
Ds F (Floris) van Staden van GK Stilbaai na GK Bloemburg en na GK Wolmaransstad.

MEELEWING

Hartlike gelukwense aan *Ds. Quintin en Ammie Venter* van GK Delmas met die geboorte van hul seuntjie, Levi, op 18 November 2026. Dit is absoluut 'n wonderwerk dat hulle, na die intensiewe behandeling wat Quintin ontvang het toe hy so siek was (2023), 'n kindjie kon kry. Ons bid *Levi* en ook julle en Mia, julle dogtertjie, die ryke seën van die Here toe. 082 779 9005

27Daarop antwoord Hy: "Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik." Lukas 18:27



8Die Here self tree vir my in.
Here, u troue liefde duur vir ewig;
u handewerk –
moet dit nie laat vaar nie!
Ps. 138: 8

ATTESTATE

Ons het die attestate ontvang van *Dean* 083 399 3670 *en Lize-Marie* 076 391 1562 *de Beer* wat van Centurion-gemeente kom en van *Bayly Bartlett* 79 738 1718 wat van Cachet gemeente by ons aansluit.
Hartlik welkom in Waterkloofrand.
Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van die gemeente.

Celia Coetzee, (nou Botha), vertrek met attes na Rietvallei. Ons wens jou en Sois alles van die heel beste toe in julle nuwe gemeente en vertrou dat julle daar gelukkig sal wees.

ROEPING AS AMPSDRAERS

Die Kerkraad het op sy vergadering van 12 November 2026 na voorlegging, bespreking en goedkeuring, besluit om die volgende broeders ter approbasie vir die ampte as ouderlinge en diakens aan die gemeente voorgehou:

As ouderlinge, brs. Jaco Lindeboom en Tiaan Esterhuizen
As diakens, brs. Hendrik Coetzee, Pieter Smit, Gerhard Vermaak (snr), Marius de Jager en Vincent Smith.

Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.





***Die Kersprogram volg direk na die oggenderediens*.**



HEERLIKE SAAMKUIER MET MEDEGELOWIGIS

Dit is met blydskap en vreugde om terug te dink aan verlede Sondag se heerlike saamkuier en eet na afloop van die viering van die Heilige Nagmaal.


Die kuier het sommer al buite begin terwyl ons koffie gedrink het en is voortgesit in die saal en op die stoepe waar almal lekker aan 'n tafel kon sit en verder kuier oor 'n bord met heerlike kos. Dit het behoorlik gegons toe 140 lidmate saam lag en gesels en die kinders lekker buite speel.

Baie dankie aan die susters van wyke 10, 14 ,18 – 21 wat so vlytig gewerk het.

FEES TOT EER VAN GOD

1 Korintiërs 10:23 – 11:1

Ons is nie ver van Oujaarsdag af nie. Dit het sinoniem geword oor die wêreld met feesvieringe, in baie gevalle uitspattige partytjies en losbandigheid. Die restaurante is vol bespreek, die strande gepak, die braaivleisvure brand. Daar word geëet en gedrink. Nie net oujaar nie, maar ook baie ander dae.



In Korinte was dae van uitspattige eet en drink. Selfs by hulle liefdesmaaltye (saam met die Nagmaal) het hulle verdeeldheid en liefdeloosheid na vore gekom (11:20, 21). Die sterkes in die geloof het voedsel geëet wat aan die afgode gewy is, en sodoende die swakkes in die geloof laat struikel. Die swakkes in die geloof het gesondig en hulle gewetens belas deur vleis te eet wat deur hulle as afgodsoffers beskou is.

Na alles wat Paulus oor die problematiek in Korinte sê, stel hy in ons teks die allesbeheersende beginsel, nie net vir die klein, alledaagse dinge soos eet en drink nie, maar vir die hele lewe ("wat julle ook al doen"): "… doen alles tot eer van God." Alles in ons lewe, ons eet en drink, ons huwelik, ons werk, ons ontspanning, trek in een vraag saam: Gebeur dit tot eer van God? Word Hy verheerlik en grootgemaak, geloof en geprys, deur wat ek ook al doen? Dan sal ook die ander groot beginsel tot sy regkom van liefde tot my naaste. Dan sal ek nie deur my eet en drink aanstoot gee of tot struikeling wees of myself besondig nie. Ons mag feesvier. Dit is nie verkeerd om te eet en te drink nie. Ons doen dit uit dankbaarheid as God se kinders wat alles uit sy hand ontvang, van jaar tot jaar op pad na die ewigheid; as

gelowiges vir wie dit ten diepste gaan om die gemeenskap (eet en drink – vs. 3, 4, 11:24, 25) met Christus.
Laat jou eet en drink elke dag jou leefwyse bevestig, jaar in en jaar uit, tot eer van God.
Prof. CFC Coetzee (emeritus)

KERKKANTOOR NUUS

Nienke van der Walt vertrek einde November met verlof tot 1 Januarie 2027. Daar sal van volgende Sondag 29 November af geen gedrukte Waterkruik of preeksketse wees nie. Die Waterkruik en preeksketse sal wel elke week elektronies gestuur word. Kontak Nienke 083 398 9080 indien u die Waterkruik en preeksketse gedurende dié tyd per WhatsApp wil ontvang. Sy is steeds egter steeds enige tyd beskikbaar.

SNIPPERS



PAPIER VIR CROSSROADS GEVANGENIS BEDIENING

Die Crossroads Gevangenis bediening druk elke Desember 1500 boekies wat aan die gevangenis uitgedeel word om die tyd ook aan hulle die boodskap en wonder van Jesus se geboorte oor te dra. Hulle benodig egter A4 papier daarvoor. Help asb deur afdrukpapier te skenk of selfs blou penne om mee te skryf. Die skenkings kan voor 22 November in die konsistorie op die tafel gelaat word.

DANKIE Sê

Hiermee wil die redaksie vir Sr Nienke bedank wat deur die jaar onvermoeid aan die Waterkruik werk. Ons waardeer dit dat jy elke Sondag die Waterkruik die lig laat sien.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

SKRIBA
Henning Noëth
078 770 7519

PASTORALE HULPWERKER SENIORS
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

VOORS DIAK
Phillip Fourie
072 295 5606

OUDL. SKRIBA
Péter Wassenaar
082 920 4474

ORRELIS
Hanlie Bekker
066 235 1202

SONDAGKOSTER
Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

EREDIENSTYE
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan